

1. **LEES** Markus 4: 1-9; 13-20; 33-34
2. **DEEL:** Wat in die gelese gedeelte spreek tot jou. Hoekom?
3. **BESPREEK** die volgende: ons dink die gelykenis is oorbekend en eenvoudig. Maar daar is tog sekere vrae wat onsekerheid kan bewerk (**lees en bespreek elkeen**):
 - Een van die probleme is dat dit uiters onwaarskynlik is dat enige saad 'n 100-voudige opbrengs kan lewer. Dit laat mens wonder wat Jesus met die gelykenis wou bereik. Gewoonlik dink ons die punt van die gelykenis het te make met die verskillende soorte grond. Maar hou die punt van die gelykenis nie dalk meer verband met hierdie **besondere soort saad** nie?
 - **Wou Jesus hê dat sy hoorders se lewens soos vrugbare grond** moet wees, of wou Hy die **dissipels bemoedig om aan te hou saai**, selfs al beleef hulle weerstand en terugslae?
 - **As ons sê dat die gelykenis se hoofokus die “soorte grond” is**, en dus slegs ons ontvanklikheid vir die evangelie beklemtoon, dan los dit ons ietwat met 'n **teologiese probleem. Daar is 'n probleem met die volgorde.** Die Here is immers die “begin en voleinder” van ons geloof. Dit is nie asof ons pro-aktief kan optree en onself kan “bewerk en bearbei” om “vrugbare grond” te word nie, en dan eers ontvang ons die saad nie.
 - Nog 'n opvallendheid is dat die gelykenis uit **2 dele** bestaan: Die vertelling en die interpretasie. **Tydens die vertelling** val die klem **op die saai-aksie**. “met die saai ...het dit en dat gebeur”. **Tydens die interpretasie** val die klem **op die ontvang-aksie**. “daar is mense by wie...
4. Wat is die eintlike sleutel tot hierdie gelykenis wat vir ons uitwys waarop die fokus eintlik val? Ons lees dit in Matt 13:18. Jesus sê: **“Luister julle dan na wat die gelykenis van die saaiër beteken”**.
5. Wie is hierdie saaiër? Wat is die saad wat hy saai?
6. **BESPREEK:** Hoekom saai die Saaier in hierdie gelykenis so onverskillig? Waarom “mors” hy as't ware sy saad?
7. **BESPREEK:** Die Here stort Sy genade oor almal en alles uit – of hulle dit verdien of nie. Moet ons ook? Al is daar weerstand?
8. **DEEL met mekaar** wat julle verstaan onder elkeen van die 4 soorte grond/die 4 soorte reaksies op God se Woord.
9. **BID SAAM** dat die Here se saad wat Hy saai en wat ons ook mag en moet saai, op goeie grond sal val in die gebied waar die Here vir Rietfontein-Suid – en jou - geplant het.